

**9 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 13:1-25**  
**Fokusgedeelte: Hebreërs 13:13,14**

### **Altyd reformeer**

Ons groei so maklik vas aan die dinge waaraan ons gewoon is, omdat ons moeilik nuut dink en doen. Die wêreld met sy bekende dinge is soms ons grootste struikelblok. Die Jode was so vasgevang in hulle godsdienstige oortuigings dat hulle die Messias verwerp het. Daarom is Hy gekruisig. Sy kruisiging buite die stad was simbolies van sy verwerping. Tog was dit 'n uitbeweeg na die nuwe. Diegene wat Hom wil volg, moet bereid wees om nuwe terreine te ontdek en te oorwin. Wie agter Jesus wil stilstaan sal val en wie agter Hom aanloop sal saam met Hom wen. Ten spyte van smaad moet ons ook ons kruis opneem en Hom volg.

Die apostels moes die heidenwêreld trotseer om die oorwinnende evangelie te versprei. Deur die geskiedenis van die kerk moes vestings van onchristelike tradisie verlaat word. Selfs die dwaalkerk is tydens die Hervorming verlaat om 'n altyd reformerende geloofsgemeenskap te vorm. Die Here Jesus en sy leer is ons maatstaf. Hy bly dieselfde, maar die dinge wat deur mense gemaak word, moet altyd weer getoets word. In hierdie wêreld is geen permanente heil nie – ons is immer op soek na die toekomstige. Die hemelse Jerusalem roep ons vorentoe saam met Christus.

Waarmee ons ook al besig is en wat ons ook al beplan in kerk of gemeenskap vra nugtere, kritiese denke. Dit vra 'n losmaak van die verkeerde en 'n uitstrek na meer gehoorsaamheid aan Christus op die pad vorentoe. Dit vra onverskrokkenheid, selfverloëning en bekering – selfs al verguis die omstanders jou.

*Sing: Skrifberyming 45:1,9*

*Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)*